Towerlantern Fotografie

fotografienuus

mei 2019

"Wolkjagter" – Eddie Vorster
Lensopening: f4.5; Sluiterspœd: 1/160 sekonde; Fokale lengte: 70 mm

As jy so 'n mooi aandskemering soos dié op die voorblad sien, wil jy verseker elke laatmiddag jou kamera gryp, uit die dorp of stad jaag en gaan soek na sulke foto's. En "jaag" is wat Eddie moes doen. Lees regs meer hieroor.

Ons hoofklem val hierdie maand op wolkfoto's – veral foto's gedurende die goue ure (vroegoggend en laatmiddag). Behalwe herfsfoto's tans, is dit een van die maklike foto-onderwerpe. En dit is maklik in die sin van "hou jou oë oop, die toneel wag vir jou". Die beste van als is, jy hoef nie eens jou reistasse te pak nie!

Lees in hierdie uitgawe oor verskillende ander sake, waaronder skemerfoto-instellings.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydrae lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor!
Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.
Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

voorbladfoto

Ons stel Eddie Vorster, die fotograaf van ons voorblad, aan die woord in verband met die voorbladfoto:

Ek wil graag die storie deel oor hoe ek hierdie sonsondergangfoto geneem het. Ek, my vrou en dogtertjie was oppad huis toe na werk toe ek opmerk hoe mooi die wolke was en dat dit 'n mooi sonsondergang gaan wees. Toe ons by die huis stop, vra my vrou of ek dit nie maar wil gaan afneem nie. Met die kamera. 'n Nikon D3100, reeds in die kar en ons almal nog vasgegordel, besluit ek ja, maar dan moet ons "jaag" want die son, wat nou al reeds vroeër ondergaan, is al laag.

Ons ry uit op die Mooibankpad by Potchefstroom en soek 'n plek wat nie drade, huise, telefoonpale en allerhande ongewensdhede het nie. Ons het gery tot die pad ophou en 'n grondpad word, ek draai toe om en besluit al in my kop dat dié 'n verlore saak is. My vrou sien toe 'n gaping deur 'n heining. Ek het net daar gestop, my kamera uitgekry en deur die draad foto's begin neem van die toneel. Hoe langer ek aangehou het, hoe mooier het die toneel geword. As dit nie vir die "ontelbare" hoeveelheid muskiete op my voete was nie, dan sou ek seker baie langer daar gewees het.

Word 'n wolkja(gt)er

Ons bedœl met hierdie opskrif dat as jy wolkfoto's (veral skemer-wolkfoto's) wil fotografeer, jy soms 'n wolkjagter mœt word. Omdat almal tœgang het tot die son, is dit nie so 'n mœilike onderwerp nie. Maar jy mœt dit op 'n sinvolle manier dœn – jy mœt as't ware die wolke jag, of as jy wil, jaag, soos wat Eddie gedœn het.

Daar is veral twee dinge om vooraf van bewus te wees:

- ✓ Leer om (in die geval van sonsondergangfoto's) gedurende die dag die wolke te evalueer en in staat te wees om 'n mooi ondergang te "voorspel". Aan die anderkant, bedœlende die ander horison, wees met sonsopkomste reeds gereed met jou kamera voordat daar enige kleur in die wolke is.
- ✓ Kry vooraf 'n geskikte terrein met 'n oop horison, sonder pale en drade. As dit 'n onbekende omgewing is, sœk vrœgtydig na so 'n gœie en veilige plek.

Om hierby aan te sluit vertel nog 'n fotografievriend die volgende: Ons was 'n tyd gelede op reis en het in die Karoo by die dorpie Britstown oorgeslaap. Gedurende die middag was die wolke belowend vir 'n gœie sonsondergang. 'n Geskikte plek mœs dus gevind word. Ons het rondgery in die dorp, maar oral was drade en ander strukture in die pad. Uiteindelik is 'n plek net buite die dorp geïdentifiseer langs die pad na die buurdorp, Prieska. Die impressionistiese foto hierby toon die toneel.

Towerlantern Fotografie
– mei 2019 –



Lensopening: f22; Sluiterspœd: 4/5 sekonde; Fokale lengte: 170 mm

Riglyne vir skemerfoto's

Soos die vorige maand wil ons met hierdie rubriek – en soortgelykes in die tœkoms – jou graag help om met meer sekerheid jou kamera te gebruik. Laat weet ons as jy oor enigiets wonder.

Vir die dœl van riglyne vir skemerfoto's neem ons aan dat daar 'n lug vol mooi wolke is en dat jy reeds by 'n geskikte omgewing aangekom het, met jou kamera gereed. Volg dan die volgende riglyne:

- ✓ Portret-/Landskapformaat: Tipies sal landskapformaat die beste wees; veral om die grootsheid van die toneel te beklemtoon.
- ✓ Driepoot: Soos altyd is 'n driepoot beslis nodig vir skerp foto's, en ook vir impressionistiese foto's.
- ✓ ISO: Hou die ISO op 'n læ waarde en mœnie daaraan peuter nie. Verhoog die ISO-waarde slegs as jy die foto ligter wil maak sonder om aan die lensopening of sluiterspœd te stel.
- ✓ Witbalans: Kies skadu of bewolk, maar eksperimenteer self ook.
- ✓ Keuse van fokuspunt: Die fokuspunt hang van die toneel af; probeer 'n prominente wolk of boom of iets dergeliks op die horison as fokuspunt kry.
- ✓ Lensopening: Omdat die velddiepte maar vlak kan wees (daar is geen naby item nie) kan die lensopening groot wees.
- ✓ Sluiterspœd: Gebruik die liniaalfunksie. Pasop vir oorbeligte foto's. Neem 'n paar verskillende foto's, elkeen meer onderbelig as die vorige. Let op hœ die intensiteit van die toneel verbeter tot op 'n punt waar dit te donker word.
- ✓ Fyn fokussering: Kontroleer steeds die fokussering – maak deurgaans gebruik van handfokussering en vergroting van die beeld op die LCD-skerm.

TOWERLANTERN-UITSTALLING: September 2019

Vir alle lesers, maar in die besonder vir nuwe lesers, Towerlantern Fotografie hou later vanjaar 'n foto-uitstalling in die Potchefstroomse Openbare Museum.
Jy word nou al uitgenooi om werke voor te berei vir hierdie uitstalling.
Neem ook kennis van die volgende:

- Die duur van die uitstalling is van 3 tot 30 September 2019 (gedurende Aardklop, wat van 24 tot 28 September is).
- Die deelname-onkoste per persoon sal ongeveer R100 wees.
- Begin beplan – finansieel en fotografies. Begin dink in terme van eie foto-onderwerpe en -ontwerpe.
- Spesifieke vereistes vir kunswerke sal later veskaf word.
- Laat weet solank as jy sou belangstel – jy verbind jou nog geensins nie.

Uitnodiging vir foto's

Ons rig 'n staande en permanente uitnodiging aan alle lesers vir die stuur van enige foto's wat ons op Towerlantern se Facebook of in *Fotografienuus* kan plaas. As jy 'n storie daarby kan gee, soveel te beter. Die twee wyd-uiteenlopende skœnlapperfoto's hierby, wys die idee.

Luzelle Andrews (Bœkarest, Rœmenië) skryf:
Hierdie foto was behoorlik een van die foto's waarvoor ek gehardloop het om my kamera te gaan haal. Die skœnlapper is in werklikheid buite die huis en die blomme binne ons huis. Die skœnlapper het gedink hy kon deur die venster kom om op die blomme te sit, maar hy sou teleurgestel wees as hy uitgevind het die blomme is van materiaal!

Lensopening: f4.5; Sluiterspœd: 1/1250 sekonde; Fokale lengte: 30 mm

Lensopening: f6.3; Sluiterspœd: 1/100 sekonde; Fokale lengte: 562 mm

Emsie Norval (Potchefstroom) skryf:
Ons was onlangs in die Kgalagadi wat natuurlik gœie fotogeleenthede verskaf het. Ek heg 'n paar foto's aan vir terugvœr en jy is welkom om dit op jou Facebook blad te plaas. ... Ek hou ook baie van die skœnlapper ene veral omdat dit amper abstrak lyk en het omtrent seker 50 van hulle geneem voordat die regte foto geneem is.

ONTMOET LARA SEGAL

Heelwat van ons fotografiestudente is ook in eie reg skilders (waterverf, olieverf, ensovoorts). Dit sal dus vir hulle, en hopelik ander lesers, aangenaam wees om die Johannesburgse skilder Lara Segal te ontmoet. Sy is 'n kunsskilder van beroep en het haar kunsskildergraad in 2007 aan WITS verwerf.

Lara het by ons bekend geword deurdat haar werk "October Surprise" gesien is. Dit het onmiddellik die aandag getrek aangesien dit so goed inpas by ons maandtema van sonsopkomste en -ondergange.

Dit is dus met dank aan Lara dat ons dié werk hier publiseer. Hierdie skildery spreek van kleur, en sy sê oor haarself: "I am a Fine Artist and Entrepreneur who sees life through colourful lenses. Colour makes me tingle inside with excitement, and makes every nerve and muscle response to the feeling it creates in that moment of visual pleasure. Colour consumes my thoughts and my inner being."

Met dank, ook vir haar mooi e-poswoorde na aanleiding van ons foto-versoek: "What a special email. Yes sure. I would love that. Kind regards."

www.facebook.com/larasegalfineart

https://www.saatchiart.com/art/Painting-October-Surprise/666850/3979422/view

Elke padhardloper (om maar een sport-soort te nœm) weet dat daar elke dag of twee geœfen mœt word.

Ons herhaal (aangepas): Elke fotograaf (om maar een kunssoort te nœm) weet dat daar elke dag of twee geœfen mœt word.

Nou hœkom œfen jy dan nie? Hier is vir die hele Mei dag-vir-dag 'n lekker uitdaging. Kyk hœ lank jy dit kan volhou. Mœnie te lank aan 'n enkele uitdaging spandeer nie. En as jy agterraak, val weer in by die betrokke datum.

31 DAAGLIKSE FOTO-IDEES VIR MEI

As jy teen 20 Mei vœl jy is fiks, stuur jou foto's aan Towerlantern – ons plaas graag van dié foto's in Junie se *Fotografienuus*. Hier is die onderwerpe waarmee jy jouself fiks kan maak:

1 Mei	Ou karre
2 Mei	Binnekant
3 Mei	Gemors
4 Mei	Weer
5 Mei	Tegnologie
6 Mei	Straat
7 Mei	Horison
8 Mei	Detail

9 Mei	Argitektuur
10 Mei	Vlœistof
11 Mei	Stemming
12 Mei	Mœder
13 Mei	A staan vir ...
14 Mei	Pers
15 Mei	Op grondvlak
16 Mei	Hoog in die takke

17 Mei	Vyf dinge
18 Mei	Sirkels
19 Mei	Stokperdjie
20 Mei	Landskap
21 Mei	Vriende
22 Mei	Onderstebo
23 Mei	Avontuur
24 Mei	Mombakkies

25 Mei	Straatligte
26 Mei	Ongeskrewe
27 Mei	Driepoot
28 Mei	Plafon
29 Mei	Vry hand
30 Mei	Monochroom
31 Mei	Verwerk

Bronne (aangepas): https://petapixel.com/2017/01/02/calendar-365-photo-ideas-day-year/
https://drive.google.com/file/d/0B7Dd101ahwmBSC1aNmdEbVZpRTg/view

Navraag oor drukwerk

Lydia le Roux van Eendekuil skryf: Ek het pas 'n klompie foto's aanlyn laat uitdruk, om 'n slag die outydse effek van 'n foto in jou hand te hê. En tœ ek die donker-gehalte vergelyk met hœ dit op die skerm lyk, was ek seker die drukkermense het dit nog verder verdonker, want een en al die foto's vertoon donkerder. Die probleem in kort – jy sien 'n beeld op jou rekenaar en die fotowinkel se personeel sien dit geprojekteer soos hul skerm gestel is. En nie een van die twee is dalk korrek nie. Of is die probleem dalk dat ek te puntenerig is?

Die opmerkings wat Lydia hier maak, gaan oor 'n baie belangrike saak, want daar is beslis geleenthede wanneer jy jou foto's wil laat uitdruk. Lydia is glad nie te puntenerig nie.

Ons antwoord aan Lydia, en boodskap aan al ons lesers, is: Wees juis puntenerig by die uitdruk van jou foto's.

Verder mœt die volgende ook vooraf gesê en onthou word: Daar is twee maniere waarop lig waargeneem word. Tœgepas op fotografie is dit die volgende:

- ✓ deurgelate lig, byvoorbeeld op enige elektroniese skerm (rekenaar, TV, selfoon) en
- ✓ weerkaatste lig, byvoorbeeld by enige drukwerk (bœk, tydskrif, foto's).

Die boodskap hier is: Daar gaan altyd 'n verskil wees tussen hierdie twee mediums.

Wees dus bewus daarvan dat jou gedrukte foto's nooit presies gaan lyk soos dié op 'n skerm nie. As dit moontlik is om by 'n winkel te kom waar foto's uitgedruk word, onthou die volgende:

- ✓ Mœt nooit die drukwerk self by 'n outomatiese masjien dœn nie.
- ✓ Gesels met 'n klerk en staan langs dié sodat jy jou foto's op sy skerm kan sien.
- ✓ Laat verstellings gedœn word totdat jy tevrede is.
- ✓ Laat die klerk die foto's op die skerm effens ligter stel as wat jy dit wil hê, sodat dit korrek uitdruk. Onthou dus ook as jy dit aanlyn laat druk: Maak jou foto's effens ligter.
- ✓ Kontroleer die uitdrukke nog voordat jy uit die winkel uitstap; as jy ongelukkig is, vra dat dit oorgedœn word.

Towerlantern Fotografie

– mei 2019 –

Towerlantern se selfoonkursus in Mei

Kom neem deel aan 'n selfoon-fotografiekursus. Leer om jou selfoon se kamera gœd te ken en leer ook hœ om gœie foto's te neem.

Aanbieder: Eddie Vorster, bedrewe kamera- en selfoonfotograaf.

Tœlatingsvereiste: 'n Betreklik nuwe selfoon met kamera.

Samevatting van wat jy kan verwag: Jy sal leer om met jou selfoon se kamera te werk. Jy sal ook leer om mooi foto's te neem. Jy het geen vrœëre kennis nodig nie.

Datum en tyd: Saterdag 18 Mei 2019 van 9:00-12:00.

Plek: Marthinus Wesselstraat 7, Potchefstroom. Die praktiese deel van die klas vind ook hier plaas.

Inskrywingsfooi: Die inskrywingsfooi vir die kursus is R200 per persoon. Dit sluit ook verversings in. 'n Deposito van R100 is betaalbaar teen 14 Mei 2019. Met betaling van jou deposito is jy verseker van 'n plek.

Registrasie: Stuur 'n e-pos na die onderstaande adres en meld die volgende: Nœmnaam en van; tipe selfoon-kamera; soort foto's waarvan jy hou.

Bankbesonderhede: JH de Klerk, ABSA-spaarrekening, Potchefstroom; nommer 3860 0850 242.

Kontak: Johan de Klerk 082-884-7061; johan@towerlantern.co.za

Towerlantern Fotografie

- mei 2019 -

OP INTERNET GESIEN

Ons is dankbaar as lesers vir ons inligting stuur oor webblaaie wat een of ander fotografiese saak dek. Hieronder volg 'n paar wat die afgelope tyd ontvang is, met dank.

Nicolene Pretorius stuur die onderstaande adres van 'n wildlewekompetisie. Ons staan gewoonlik nie sterk op fotokompetisies nie, maar gaan kyk tog gerus – al is dit dan net om die webblad van Indlovu River Lodge wat dit reël, te sien. Adres: http://atclosequarters.com/wildlife-photography-competition/

Cobus Conradie bring die nuusbrief Light Stalking onder ons aandag, en spesifiek die artikel "How to master night sky photography". Kyk gerus daarna by https://www.lightstalking.com/night-sky-photography/

Maarten Venter skryf: Ek vermoed ek ry steenkool aan na Ogies, maar gedagtig daaraan dat sommige van jou studente dalk hier en daar 'n rand wil spaar: Ek gebruik nou al 'n geruime tyd lank Darktable (https://www.darktable.org/) wat 'n OS-ekwivalent is van Adobe se Lightroom, vir nawerking. Dit is nie 'n "reverse engineered" iets nie maar is van meet af ontwikkel met eie algoritmes, ens, en kan al die belangrikste dinge doen wat Lightroom kan doen; dit is wettig en gratis. Daar is ook 'n Windows- en Mac-uitgawe, maar omdat ek Linux gebruik kan ek my nie daaroor uitspreek nie.



Johann du Plessis gee die adres van 'n gratis aflaaibare pdf-handleiding tot straatfotografie. laai dit gerus af by die onderstaande addres en laat die voorbladfoto jou reeds inspireer. https://assets.lensculture.com/static/guides/SP19_Guide_FA02_EN.pdf